



Finansies Beleid: Begroting vir kapitaalitems en kapitaalwerke

ë	Beleid
Doel van die beleid:	Die beleid verskaf die riglyne rakende die begroting van kapitaalitems en kapitaalwerke op die finansiële stelsel van die US
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	5/4/2009
Implementeringsdatum:	2009
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹⁹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²⁰:	Hoofdirekteur: Finansies
Sleutelwoorde:	Kapitaalitems, Kapitaalwerke, Bateregister
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹⁹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

²⁰ Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

1.1

BEGROTING VIR KAPITAALITEMS EN KAPITAALWERKE

Beleidnommer: 002A/06/04

Bestek: Die beleid verskaf die riglyne rakende die begroting van kapitaalitems en kapitaalwerke op die finansiële stelsel van die US.

Beleid:

Kapitaalitems word gedefinieer as items wat weens onder genoemde eienskappe toegevoeg word op die bateregister van die universiteit en sodoende deel vorm van versekeringsdekking in geval van skade:

- Aankoopwaarde van R2000 en meer
- Bruikbare lewensduur van meer as een jaar
- Losstaande en beweegbaar, maar sluit wel elektroniese toerusting in, soos bv. gemonteerde projektor, klanktoerusting en sekuriteitstoerusting

Daar word met behulp van program FBG100P (Begroting vir Meubels, Toerusting en Rekenaars) vir kapitaalitems begroot. Die begrotingsnommer wat deur die stelsel toegeken word nadat die program uitgevoer is, moet gebruik word met die voltooiing van rekwisities wanneer die begrote items bestel/aangekoop word.

Sodra die items deur die Dekaan of departementele voorsitter/dissipline hoof/uitvoerende hoof bewillig is, word die begrotingsbedrag, in die geval van departementele fondse, d.m.v. program FBG100P rekenaarmatig na die betrokke kostepunt oorgedra. Fondse word na rekeningnommer 6975 van die betrokke kostepunte oorgedra.

LW: Program FBG100P koppel outomaties die begrote items met die betrokke rekeningnommer 6975.

Alle bate-items, ook bate-items wat aangekoop word uit navorsingsfondse en alle ander fondse wat deur die US geadministreer word moet vir inventaris doeleindes met behulp van program FBG100P ingevoer word.

Kapitaalwerke kan kortliks omskryf word as enige wysiging wat aan vaste strukture van die US aangebring word byvoorbeeld die toevoeg van lugreëlaars; die aanbring van boekrakke ens., maar uitgesluit elektroniese toerusting soos bv. gemonteerde projektor, klanktoerusting en sekuriteitstoerusting.

Die invoer vir die Begroting van kapitaalwerke vind plaas met behulp van program FBG115P.

Nadat dit deur die dekaan bewillig is, hanteer die afdeling Fasiliteitsbestuur die versoek outomaties. Dit sal nie nodig wees om 'n rekwisitiese in die verband te voltooi nie.

Kontak afdeling:

Finansiële Dienste / Fondse- en Batebestuur / Fasiliteitsbestuur
